



JURKIES vir

PATROON OP
UITVOUBLAD



deur HEATHER SWANEPOEL
foto's FRANCO CARDINI

kunstenaartjies

Alle kinders probeer die een of ander tyd om 'n

kunstenaar te word. Of miskien lyk dit maar net

so as jy na hul klere kyk na voltooiing van 'n

kunswerk. Hier is maklike jurkies om te maak

wat hul klere sal skoon hou



BELANGRIK VOOR JY BEGIN: 1,5-cm-naattoelatings is ingesluit.

Indien 'n naat in die middel agter verlang word, moet 1,5 cm aangelas word vir naattoelatings. Deur hierdie metode te volg sal minder materiaal nodig wees en dit sal nie nodig wees om 'n skuins strook aan die opening vas te werk nie. Werk die opening met 'n bo-stiksel af.

WIT JURKIE — 3-JARIGE KIND

BENODIGDHEDE: 80 cm katoenstof, 115 cm breed; bypassende garing; skuinsband van 'n kontrasterende kleur; rek; naald; spelde; meetband; natrekwiletjie of deurslagpapier vir die natrek van die patroon; papier vir patroon.

AANWYSINGS VIR NATREK VAN PATROON: Die rooi omlynde dele is die patroondele vir die wit jurkie. Die voor- en agterpant is identies behalwe by die halslyn. Trek twee pante na, een voorpant en een agterpant. Bring alle patroonmerke oor.

AANWYSINGS VIR UITLÊ EN UITKNIP VAN JURKIE: Lê patroon uit soos aangedui op diagram. Knip versigtig uit.

AANWYSINGS VIR MAAK VAN JURKIE: Met regte kante opmekaar speld en stik skouernate van voor- en agterpant aan mekaar vas. Werk naattoelatings af. Stryk nate plat.

Speld en stik onderarm- en synate toe. Werk naattoelatings af, sny knippies waar nate kurf en stryk dan plat. Vou 5 mm by mou om en stryk plat. Vou weer 1,5 cm om

en stryk weer plat. Stik 'n ry stiksel 2 mm van buitenste rand en nog 'n ry 2 mm van binneste vou. Laat 'n 1-cm-opening in die tweede ry stiksel vir deurryg van rek. Ryg rek deur, werk stewig vas en stik opening dan toe.

Vou soom 5 mm breed om. Stryk. Vou soom weer 1 cm breed om en stryk plat. Stik soom. Speld skuinsband aan halsopening vas. Stik op vou van skuinsband vas. Vou om sodat skuinsband sigbaar is aan regte kant. Werk aan verkeerde kant vas met glipsteek. * — *. Speld skuinsband aan hals vas en stik. Onthou om 'n 30-cm-strook aan elke kant te los vir vasmaak. Vou om en werk weer met die hand vas. Vou die stroke in die helfte en stik. Knoop punte. Stryk die hele kledingstuk vir 'n netjiese voorkoms.

Maak 'n koord van 120 cm van oorblywende skuinsband. Werk lussies aan synate om koord deur te ryg.

GEEL JURKIE — 4/5-JARIGE KIND

BENODIGDHEDE: 110 cm katoenstof, 115 cm breed; bypassende garing; skuinsband van 'n kontraskleur; rek; naald; spelde; skêr; meetband; natrekwiletjie of deurslagpapier en papier vir natrek van patroon.

AANWYSINGS VIR NATREK VAN PATROON: Die swart omlynde patroondele is die patroondele vir die geel jurkie. Volg aanwysings vir wit jurkie.

AANWYSINGS VIR UITLÊ EN UITKNIP VAN JURKIE: Volg aanwysings vir wit jurkie.

AANWYSINGS VIR MAAK VAN JURKIE: Volg aanwysings vir maak van wit jurkie tot by * — *. Vou plooi in volgens patroonmerke. Stryk plat. Voltooi volgens aanwysings vir wit jurkie.

ROOI JURKIE — 6/7-JARIGE KIND

BENODIGDHEDE: 130 cm katoenstof, 115 cm breed; bypassende garing; rek; skuinsband van 'n kontraskleur; naald; spelde; skêr; meetband; aftrekwiletjie of deurslagpapier en papier vir natrek van patroon.

AANWYSINGS VIR NATREK VAN PATROON: Die blou omlynde patroondele is die patroondele vir die rooi jurkie. Volg die natrekaanwysings vir die wit jurkie.

AANWYSINGS VIR DIE UITLÊ EN UITKNIP VAN JURKIE: Volg aanwysings van wit jurkie.

AANWYSINGS VIR MAAK VAN JURKIE: Volg aanwysings van wit jurkie tot * — *. Stik twee rye rygstiksels 5 mm en 1 cm van rafelrand van halslyn. Ryg in tot hals 37 cm groot is. Voltooi volgens aanwysings vir wit jurkie.